NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

NOTA

Hierdie nasienriglyne sal, weens die klein aantal kandidate wat hierdie vraestel sal skryf, bes moontlik slegs deur die eksaminator gebruik word tydens die nasienproses. Die eksaminator sal dus so akkommoderend as moontlik nasien en insigte en antwoorde positief oorweeg, selfs al is dit nie in die nasienriglyne gespesifiseer nie, in die lig van die vrae en die konteks van die tekste wat gelees moet word, en in die gees van Afrikaans Huistaal as vak. Daar sal dus (bes moontlik) nie ander nasieners betrokke wees wat verwar kan word deur leestekengebruik of formulering nie.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL

Willie Burger se resensie oor Azille Coetzee se *In my vel*

1.1 Die woord "opwinding" loop die resensent se positiewe oordeel oor die boek vooruit.

1.2 Eie antwoorde.

Ja, want die resensent gee in elk geval sy/haar eie opinie oor die boek. Hier is die resensent net eerlik oor die proses waardeur hy gegaan het om die boek te evalueer.

Nee, want resensente is veronderstel om objektiewe menings oor die boek uit te spreek. Indien hy so positief is oor die boek, sal hy dalk foute miskyk.

1.3 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

In paragraaf 1 bestempel die resensent die boek onder bespreking as iets besonders. In paragraaf 2 noem hy 'n ander voorbeeld van 'n boek wat hom op 'n soortgelyke manier beïndruk het. In paragraaf 3 praat hy weer oor die boek onder bespreking en bring dit in verband met die boek wat hy in paragraaf 2 noem. Op woordvlak is daar 'n skakel tussen die frase "hierdie soort boek" in paragraaf 1 en "soortgelyke" in paragraaf 2 – die resensent maak dit duidelik waarom hy Rian Malan se boek in verband bring met Azille Coetzee s'n. Die woordskakel tussen paragraaf 2 en 3 lê in die noem van Malan se "eie lewensreis" en die beskrywing van Coetzee se boek as 'n "reisboek". Benewens die feit dat al twee boeke handel oor 'n Suid-Afrikaner wat uit Suid-Afrika wegtrek, maar deur innerlike oorwegings besluit om terug te keer, is die konsep van 'n reis belangrik omdat dit 'n metafoor word vir albei se groeiende insig in hulle verbondenheid aan Suid-Afrika.

1.4 1.4.1 "*Reality hunger*" verwys na mense se soeke na die ervarings van werklike mense en sluit aan by die populariteit van realiteitsreekse op televisie. Vir baie mense is dit meer bevredigend as fiksie. [Die tendens is ook duidelik in die boekemark met die publikasie van tallose biografiese en outobiografiese werke.]

1.4.2 Eie antwoorde. Enkele elementêre moontlikhede: Realiteitshonger; realiteitsoeke; drang na realiteit.

1.5 Aantrek na Nederland: die kultuur; die eerstewêreldse effektiwiteit; die beurs vir verdere studie by 'n Nederlandse universiteit; ensovoorts.

Wegstoot uit Suid-Afrika: misdaad en die gevoel van onveiligheid; rassespanning; die druk op Afrikaans; ensovoorts.

1.6 1.6.1 Telkens beskryf sy 'n spesifieke persoonlike ervaring ... [Die opdrag is dat die antwoord met die bywoord moet begin. As dit met "Sy ..." begin, is dit dus nie korrek nie, maar as dit verder korrek is, kan ½ punt toegeken word.]

IEB Copyright © 2021

1.6.2 Eie antwoorde.

Bedrywende vorm beklemtoon die optrede van die skrywer.

Lydende vorm beklemtoon dit wat beskryf word.

[Indien kandidate die opdrag anders interpreteer en daaroor skryf of die sin met die bywoord moet begin of nie, oorweeg die kandidaat se antwoord gunstig.]

1.7 Die plasing van die woord "kuier" tussen aanhalingstekens impliseer dat die Nederlanders kuier anders sien as Suid-Afrikaners. Die skrywer kyk na Nederlanders se sosiale byeenkomste en is verbaas daaroor omdat dit soveel verskil van die manier waarop Suid-Afrikaners kuier.

1.8 Paragraaf 5: die herhaling van die infinitiefvorm ("om te").

Paragraaf 8: die herhaling van die voorsetsel "oor".

1.9 ***MS*** In die laaste sin van paragraaf 7 word 'n bepaalde kontras uitgelig. Verduidelik wat hierdie kontras is in die lig van die paragraaf as geheel.

Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Die kontras lê in die verwysing na die "besondere" wat Coetzee bespreek en die "veralgemenings" wat ter sprake kom. Die manier waarop sy unieke en spesifieke situasies en feite bespreek, laat die leser besef dat elkeen van ons met veralgemenings werk, veral wanneer ons nie genoeg ervaring of inligting het nie. Haar belewenisse help haar om die onjuistheid van veralgemenings te kan insien. Haar vermoë om hierdie ervarings in besonderhede op te teken word deur die resensent as 'n pluspunt beskou en help die lesers om hulle eie veralgemenings te bevraagteken.

1.10 Coetzee deurdink ervarings wat die resensent ook beleef het, en sy kom tot gevolgtrekkings wat hom beïndruk. Al is sy so jonk, kan sy dinge deurdink en analiseer op 'n baie meer gevorderde manier as waartoe hy in staat was.

1.11 Ja, want meer Suid-Afrikaners as net jong witmense kan baat vind uit die boek. Ouer mense kan die jonger geslag beter verstaan; mense van ander rassegroepe kan tot insig oor witmense kom en 'n meer ingeligte gesprek aan die gang sit – hulle kan ook raaksien dat daar witmense is wat hulle uitgangspunte verstaan en aanvaar.

Nee, want die boek is geskryf met jong wit lesers in gedagte. Dit druk hulle ervarings en sienings uit en sal nie noodwendig verstaan of geniet word deur lesers in ander demografiese groepe nie.

1.12 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Duidelike standpuntinname oor of die kandidaat die boek sal wil lees of nie, met oortuigende motivering wat óf uit die teks óf uit die kandidaat se eie ervaring as leser kom.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 BEGRIP, TAAL EN STYL

Marné Pienaar se rubriek

2.1 Die naam veroorsaak hewige meningsverskille en weerstand.

2.2 2.2.1 Dit beteken dat die huwelik tot 'n einde kom.

2.2.2 "aan die steier" (paragraaf 9) of "aan 't steier" (opskrif).

2.3 2.3.1 Latyn [NIE Latyns nie!]

2.3.2 aanhalings

2.3.3 Die mense wat hulle kind "Onex" genoem het, het duidelik die woord "unexpected" verkeerd gespel. Die skrywer dui daarop dat dit nie haar spelfout is nie.

2.4 Die meisies se name is mooi en grasieus, teenoor die boetie se naam wat baie gewoon en stylloos voorkom.

2.5 Dit impliseer dat sy bly is dat die kinders ander name gaan kry: sy is duidelik negatief daaroor dat kinders na sulke werklike geleenthede vernoem word, moontlik omdat sy voorsien dat die kinders daaroor gespot kan word. Haar oordeel staan in die lig van hierdie hele stuk waarin sy voorbeelde van "liederlike name" (paragraaf 2) gee.

2.6 In paragraaf 7 stel sy die probleem (te veel mense met dieselfde doopname) en in paragraaf 8 bespreek sy die oplossing (byname). Hoewel sy dit een paragraaf kon maak omdat dit oor die naamprobleem in 'n bepaalde familie handel, is die kontras tussen probleemstelling en oplossing sterk genoeg. [Aansluitend hierby sou 'n kandidaat kon verwys na die tendens om paragrawe in koerant- en tydskriftekste kort te hou, soos blyk uit al die ander paragrawe in die teks.]

2.7 Die skrywer is verstom dat so 'n bekende en erkende naam sulke hewige emosies kan ontlok.

Die bestuurder aanvaar dat sy net so geskok is as hy en sy seun omdat die skoondogter so 'n aaklige naam aan die dogtertjie wil gee.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Baie swak
10	8	6½	5	3
9	7½	6	4½	2
8½	7	5½	4	1

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

Uitstekend: Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle suksesvol relevante inligting uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

Goed: Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies**. Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

Gemiddeld: Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie**. Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van vol sinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

IEB Copyright © 2021

Ondergemiddeld: Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

Baie swak: Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

2020-opdrag (aanvullende vraestel): Die kandidaat moet die artikel, soos voorsien, verwerk tot 'n kort onderhoud met Aleit Swanepoel. Die kandidaat moet vier vrae baseer op die inhoud van die artikel, en dan antwoorde opstel, asof dit in Aleit se eie woorde is. Die styl kan informeel wees, maar Engelse woorde en sleng is nie aanvaarbaar nie.

Die inhoud kan op vele verskillende maniere verwerk word tot vrae en antwoorde: die nasiener moet die kandidaat se formulering in eie reg oorweeg en evalueer. Die ideaal is dat die vier vrae die meeste inligting in die artikel sal dek en dat elkeen 'n ryk antwoord ontlok. Eenvoudige ja-of-nee-vrae wat tot kort, dimensielose antwoorde lei, behoort vermy te word. Vrae kan ook in die vorm van bevelsinne geformuleer word.

Die volgende feite oor Aleit se lewe kom in die artikel voor:

Sy verlede
Hy is in KwaZulu-Natal gebore.
Sy pa was 'n konstruksiewerker.
Later het sy ouers in die Strand 'n tweedehandsemeubelwinkel bedryf.
Hy het al op 14 geleer om hard te werk.
Hy het onderneem om op 32 'n maatskappydirekteur te wees.
Hy het nie gedink hy sal direkteur van sy eie maatskappy wees nie.
Hy het besluit om sy matriek op Stellenbosch te voltooi.
Hy moes self geld verdien om op Stellenbosch te kon skoolgaan en in die koshuis te bly.
Hy was 'n kelner en het in restaurante klavier gespeel.
Hy het self betaal vir sy tyd oorsee ná skool.
Hy wou graag oorsee werk, maar dit het nie gebeur nie.
Hy het vervelige werk gedoen, soos om van deur tot deur te gaan om kinderrekenaars te verkoop.
Hy het besluit om iets meer bevredigends met sy lewe te doen.

IEB Copyright © 2021

Sy loopbaan
Hy was die restaurantbestuurder by 'n Kaapse hotel.
Hy het saans verder studeer: BCom deur UNISA.
By die Oude Libertas-teaterkompleks het hy funksies beplan.
Sy eie onderneming het uit hierdie funksie-aanbieding ontwikkel.

Sy besigheid
'n Nuwe tak van sy opleidingskool vir geleentheidsbeplanners is in Mauritius geopen.
Die Aleit Groep bestaan uit twaalf vertakkings, wat spyseniers, 'n restaurant en 'n onthaallokaal insluit, asook 'n opleidingskool.
Hulle bied funksies aan wat mense se asems wegslaan.

Sy televisieprogram
Hy het heelwat op televisie opgetree voordat die idee van sy eie program ontstaan het.
Hy het dramalesse by Elsabé Daneel geneem om 'n beter aanbieder te wees.
Die vyfde seisoen van die televisieprogram *Tyd met Aleit* word verfilm.

Nuwe moontlikhede
Hy wil graag 'n akteur word.
Hy het 'n kursus van sewe lesse by Brümilda van Rensburg deurloop.
Sewe Saterdae moes hy Johannesburg toe vlieg vir hierdie lesse.
Haar raad was dat hy liewer op die verhoog of in rolprente moet speel: sy televisiepersoonlikheid is te sterk om televisierolle moontlik te maak.

DEMONSTRASIE-ANTWOORD

Hoe het jou skooljare op Stellenbosch jou leer hard werk?
Ek moes self as kelner en restaurantpianis geld verdien vir skoolgeld en koshuisgeld.

Wat het jy ná skool oorsee gedoen?
Ek het sonder sukses daar probeer werk. Vervelige werk het my gou teruggejaag.

Hoe het jou loopbaan in Suid-Afrika verloop?
Ek het funksies begin reël en later my eie onderneming gestig. Dit het nou twaalf vertakkings, soos spyseniering en opleiding.

Vertel van jou akteursdrome.
As televisieaanbieder het dramaklasse my gehelp verbeter. Nou wil ek toneelspeel. Te veel Suid-Afrikaners ken my as televisieaanbieder: ek gaan op die verhoog en films konsentreer.

(100 woorde)

Bloom-vlakverdeling vir Vraag 3:

Vlak	1	2	3	4	5	6
Punt	1	2	3	2	1	1

IEB Copyright © 2021

AFDELING B POËSIE

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Ernst van Heerden: Die bokser

4.1 Die rymende koeplette suggereer 'n baie streng orde en reëlmaat, terwyl die eerste strofe daarmee kontrasteer wanneer "hellende onvastigheid" genoem word. Die onsekerheid van die spreker, wat later deur die vraagsinne versterk word, word dus reeds hier aangekondig.

4.2 Dit versterk die onsekerheid van die spreker omdat die skynbaar onvoltooide sinne (versreël 10, 18 en 22) die leser met 'n gevoel van onsekerheid en onvastheid laat. [Meer as net 'n generiese antwoord word verwag.]

4.3 'n Koring-gerf word deur plaaswerkers gegooi omdat dit swaar is en glad nie sigself kan verdedig of beskerm nie. As 'n lyf so val sonder enige selfbeskerming, beteken dit dat die persoon bewusteloos is.

4.4 Die "kryt" verwys daarna dat die lewe 'n stryd is, soos 'n boksgeveg. Die "klein" beklemtoon die ingeperktheid daarvan. Die lewe verloop egter nie volgens die streng reëls van 'n boksgeveg nie ...

4.5 Woorde soos "skim" en "skynhou" (versreël 4), "gedaantes" (8), "groteske" (9), "vaag en grynsend" (14), "flikker-weerskyn" (17) en selfs meer sou hier bespreek kon word. Die kandidate se eie interpretasie en motivering is hier belangrik.

Voorgestelde antwoord:

Woorde soos "skim" (4) en "gedaante" (8) word dikwels met geeste of spoke in verband gebring. Dit suggereer dat die boksers nie alleen die soliede, vlees-en-bloed sportmense is wat ons in die kryt sien nie, maar dat hulle werklikheid deur die geesteswêreld omring word. Dit dwing die leser dus om te dink aan die mens se sterflikheid omdat die grens tussen lewe en dood so maklik oorgesteek kan word, en die boksgeveg word dus subtiel 'n beeld van die lewe met sy stryd op lewe en dood.

4.6 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud: 'n Bespreking van die inhoud en die sentrale beeld van die boksgeveg, en die relevansie vir hedendaagse tieners. Die evaluering kan positief of negatief wees.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Elisabeth Eybers: Herinnering

5.1 Die verdeling in 'n oktaaf (twee kwatryne) en 'n sestet.

Die rymskema (abab cdcd efggef)

[Enigeen van die twee, of ander wat oortuig. Eienskappe wat ook by die Engelse sonnet voorkom, soos 14 reëls of jambiese vyfvoet is NIE korrek nie.]

5.2 Eie antwoorde omdat daar verskillende moontlikhede voorkom. Dit is ook moontlik om te argumenteer dat daar geen wending in die gedig voorkom nie.

Voorbeeldantwoord:

In 'n Italiaanse sonnet verwag 'n mens tradisioneel 'n wending tussen die agste en negende versreëls. Gewoonlik bestaan die oktaaf uit 'n beeld, dikwels uit die natuur, terwyl die sestet 'n toepassing van die beeld bevat wat 'n verdieping teweegbring. In Eybers se gedig word hierdie streng verdeling nie gehandhaaf nie. Hoewel die eerste twee strofes sintuiglike waarneming bevat met die beskrywing van die maan en die geluide uit die huis agter die spreker, word daar reeds in strofe 2 na die spreker se emosionele toestand verwys. Hierdie vermenging van sintuiglike waarneming en emosionele reaksie word voortgesit in die sestet, met die reuk van die gras en die ontroering wat daarmee gepaardgegaan het. Die hele gedig word aangebied as 'n terugflits na 'n belangrike insigmoment in die spreker se kinderjare; die gedig as geheel bied die beeld én die toepassing op die spreker se lewe. Daar is dus geen wending in hierdie sonnet aanwesig nie. Die beskrywing bou van die eerste versreël af op tot die hoogtepunt in versreël 14.

['n Ander moontlike argument is dat die wending wel tussen versreël 8 en 9 voorkom omdat die sintuiglike waarneming van sig en gehoor verander na reuk en tassin. Ander argumente moet op meriete beoordeel word.]

5.3 Eie antwoorde met genoegsame verwysing na die gedig wat deeglik gemotiveer word. Kandidate kan byvoorbeeld verwys dat die spreker alleen buite was, weg van die vrolike groep mense in die huis, en dat die spreker duidelik emosioneel was. Die feit dat dit as 'n "herinnering" aangebied word, gegewe die spreker se sterk assosiasie met die emosionele ervaring, maak die gedig ook sterk melancholies.

5.4 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud: 'n bespreking van die inhoud en struktuur van die twee gedigte. Kandidate sal bes moontlik skryf oor die sonnet wat hulle die beste verstaan of die meeste geniet, of wat dalk iets van hulle eie lewenservaring weerspieël. Oorweeg hulle antwoorde deeglik.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Lucas Malan: Telkomgesprek met my ma

6.1 Die slotstrofe is 'n rymende koeplet.

Die rymskema (abab cdcd efef gg).

[Enigeen van die twee, of ander wat oortuig. Eienskappe wat ook by die Italiaanse sonnet voorkom, soos 14 reëls of jambiese vyfvoet is NIE korrek nie.]

6.2 Die ma is in die hemel/die hiernamaals waar tydsverloop nie voorkom nie. Die spreker is egter nog vasgevang in die tyd, met skedules, dae en televisieprogramme (soos die nuus).

6.3 Eie antwoorde. Kandidate kan verwys na die skok waarop die spreker reageer op die geïmpliseerde uitnodiging van sy ma in die slotstrofe, of ander stelwyses in die gedig.

6.4 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud: 'n bespreking van die inhoud en struktuur van die twee gedigte. Kandidate sal bes moontlik skryf oor die sonnet wat hulle die beste verstaan of die meeste geniet, of wat dalk iets van hulle eie lewenservaring weerspieël. Oorweeg hulle antwoorde deeglik.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Antjie Krog: ons wag

7.1 7.1.1 Dit is die ouers van die kind wat nog nie tuis is nie.

7.1.2 Hulle is op verskillende maniere gespanne/druk hulle spanning op verskillende maniere uit en irriteer mekaar wanneer hulle bymekaar is.

7.2 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Van die tegnieke wat in die gedig voorkom, is die gebruik van enkele los woorde ("ligte, honde"), onvolledige sinne/frases ("dit kan tog nie"; "lê hy êrens ..."; "toksak oor die skouer"), ongrammatikale sinne ("om hom lief te hê gaan ons tog weer kans kry"), herhaling ("ons wag"; "oor en oor en oor oor die vrees gepluk"), vreemde woordvorme ("wederborene"). Dit alles druk die spreker se spanning uit. Sy is so ontsteld dat sy nie op taalvlak heeltemal helder kan dink nie.

7.3 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Die vrees wat die ouer voel, werk soos 'n kombuisimplement waarmee jy die kern van 'n appel verwyder. Dit voel vir haar of haar hart uitgesny is omdat sy bang is dat die kind iets oorgekom het. Omdat sy die ergste verwag, voel dit nou reeds asof daar 'n groot gat in haar lewe verskyn het.

7.4 In die voorlaaste versreël sê die spreker "al wat help, is as God genadig wees". Sy is dus besig om te bid of te onderhandel met God dat die kind veilig moet wees. Wanneer hy dan wel veilig terugkeer, is dit soos gebedsverhoring. Die effek is dat die leser aanvoel dat die kind uit die dood teruggekom het.

IEB Copyright © 2021

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID; KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8 SPOTPRENTE

8.1 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Die kettings en slot suggereer dat die aarde gevange gehou word. Dit impliseer dat die virus 'n sterk invloed op die aarde en sy mense het, waaraan hulle nie kan ontsnap nie. Die feit dat die kettings rondom die aardbol strek, dui daarop dat die hele aarde beïnvloed is; die grootte van die kettings en die slot impliseer die sterk houvas wat die virus het.

8.2 Die punt van die koorspen is blykbaar aan die brand, wat die hoë temperatuur van die koors impliseer./Die rookwolkies of stoomwolkies bokant die aardbol dui 'n hoë koors aan.

8.3 Mense oor die hele aarde wag op die afloop van die pandemie. Hulle wil sien hoe dinge verloop, hoeveel mense siek word en sterf. Die feit dat die afwagting "koorsagtig" is, dui daarop dat hulle angstig en bekommerd is.

8.4 Handsaniteerder is nodig om hande te ontsmet sodat die virus nie deur aanraking oorgedra kan word nie.

8.5 Die manier waarop die bestuurder se kop op die deur van die motor lê.

Die bestuurder se oë en wenkbroue.

Die bestuurder se groot en gekleurde neus (sekerlik rooi).

Die borreltjies bokant die bestuurder se kop.

[*Enige van bogenoemde*]

8.6 Die bestuurder hik.

Die bestuurder se tong sleep en sy s-klanke word sj-klanke.

[*Enige van bogenoemde*]

8.7 Die hond kom baie aggressief teenoor die verkeersman voor. Sy tande is groot en baie prominent, en ook skerp. Die optrek van die bolip, die oë en die ore, asook die stokstywe stert, ondersteun die indruk van aggressie.

8.8 Die perd en koei se teenwoordigheid impliseer dat die toneel op die platteland, tussen plase, afspeel en nie in die stad nie.

IEB Copyright © 2021

8.9 Metingskaal vir 3 punte

Verwagte inhoud:

Teks A se toon is **ernstig**. Hoewel die oordrewe kettings en slot en die oordrewe siektegevoel van die aardbol dalk humoristies beskou kan word, en die muisie se woordspeling met "koorsagtige" daarby aansluit, is die oorwegende indruk een van erns en spanning.

Teks B se toon is **humoristies**. 'n Dronk bestuurder probeer 'n verkeersman oortuig dat hy nie dronk is nie, maar dat sy alkoholgebaseerde handsaniteerder (wat hy gebruik om virusinfeksie te voorkom) vir sy toestand verantwoordelik is. Die woedende hond, die suspisieuse verkeersman, die lakonieke perd en koei en die muisie se opsomming (hy "was sy hande in onskuld") dra alles by tot die humor.

Die kandidaat behoort te argumenteer watter een die geskikste uitbeelding van die pandemie is. In die lig van die groot aantal sterftes oor die wêreld heen sal die erns in Teks A dit vir sommiges die mees aanvaarbare uitbeelding maak. Ander sal argumenteer dat humor 'n belangrike vorm van genesing bring, en daarom is die humoristiese benadering van 'n individu se storie in Teks B meer aanvaarbaar, omdat dit die erns van die situasie juis teenwerk en sommige mense sal versterk in hulle weerstand teen die virus.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 9 INFOGRAFIKA

9.1 Die kombinasie van tekening en foto.

Die karikatuuragtige uitbeelding van die mensfiguur – geen realisme nie.

Die verband tussen die inligtingsbrokkie met die relevante liggaamsdeel (bv. die hartvorm om die woord "Hart"; die oog as kolletjie op die i van "sig"; die glimlaggesiggie as die o van "gemoed"; ens).

[*Oorweeg enige ander aspekte wat kandidate opmerk en beskryf.*]

9.2 Die gebruik van sametrekkings soos Hier's

Veralgemenings soos wonderlik

Kinderwoorde soos "lyf" i.p.v. liggaam

Informaliteit, soos by "goedvoel"-chemikalie en Lê weg

Die uitroep/bevelsin Hoor hier!

[*Oorweeg enige ander voorbeelde wat kandidate aanbied.*]

9.3 Die infografika word aangebied met 'n humoristiese benadering – dit behoort dus nie as gesaghebbende wetenskaplike inligting beskou te word nie.

9.4 Die gebruik van die aksentteken op "nóg" beklemtoon die feit dat gaar tamaties soveel meer voordeel vir die liggaam inhou as rou tamaties. Dit impliseer ook dat daar reeds heelwat likopeen in tamaties is, maar gaarmaak stel meer daarvan in die liggaam vry.

[*"beklemtoon" alleen is nie die punt werd nie.*]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021